

Job se krisis (1-2)	Gesprekke tussen Job en sy vriende (3-37)					Job se herstel (38-42)
God en Satan praat (1-2)	Siklus 1 (3-14)	Siklus 2 (15-21)	Siklus 3 (22-26)	Job (27-31)	Elihu (32-37)	God praat met Job (38-42)
Waarskynlik in dieselfde tyd as die aartsvaders soos Abraham (na aanleiding van hoe oud Job geword het)						

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Job 1-2	Job 1-2
Di	Job 3	Job 3,6,9,12
Wo	Job 19	Job 15,19,21
Do	Job 26	Job 23,24,26
Vry	Job 28	Job 28,31
Sat	Job 37	Job 35-37
Son	Job 38,42	Job 38-42

Memoriseervers:

*Ons kan by die
Almagtige nie kom
nie, sy krag is groot.
(Job 37:23)*

Die boek Job leer ons dat die regverdige soms swaarkry sonder dat hy die rede daarvoor verstaan, maar as hy God se grootheid en almag verstaan, onderwerp hy hom nederig daaraan.

Die grootste deel van die boek is geskryf in digvorm. Job is 'n ryk man wat God getrou dien. Satan beweer dat hy dit net doen omdat dit so goed gaan met hom.

God laat toe dat Satan feitlik oornag al sy besttings en kinders van hom wegneem.

Daarna laat God ook toe dat hy sy gesondheid aantast, maar begrens dit dat hy nie sy lewe mag neem nie.

In die middelste gedeelte van die boek kry ons drie siklusse waarin die drie vriende Elifas, Bildad en Sofar die redes vir Job se swaarkry probeer verklaar. Hulle gebruik egter tradisie, filosofie en eie menings en doen meer kwaad as goed as vriende.

Lees die volgende verse om Job se geloofsgroei te ervaar Job 3:1, 3:26, 6:13,24, 7:11, 14:13, 17:15, 19:25

Na Job se finale antwoord teenoor hulle praat die jonger vriend, Elihu met meer wysheid en insig.

Teen die einde van die boek praat God met Job en wys hom Hy is die almagtige Skepper van die heelal, die aarde en die diereryk. Hy beheer die onbeheerbare en selfs vir Satan self.

Hierna bely Job: *"Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit" .. "U wonderdade was te groot vir my"* (Job 42:2). Daarna volg Job en sy vriende se herstel.

Benewens God se soewereiniteit wys die boek duidelik na die mens se onvermoë om lyding te verstaan. Die boek wys ook na Christus, want net deur Christus se leiding en lyding is daar vir ons 'n antwoord...

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Job oorsig

(Die volledige gedig is op die blog)

Gaan dit met jou nog sleg?
Verstaan jy nie God se weg?
Jy leer wel in jou pyn:
God is soewerein.
Ja, Job wil jou leer:
God is en bly in beheer.

God (1:8)

Het jy my dienaar Job raak gesien?
Daar is niemand wat my só opreg dien.

Satan (1:11)

U beskerm hom en maak hom ryk
Hy sal U vervloek as dit van hom wyk.

Job (1:21)

Die Here het gegee en neem toe weer
Prys die naam van die enigste Heer!

Job se vrou (2:9)

Al wat jy oor het is daardie potskerf
Vroom? Vervloek God nou en sterf!

Job (4:10,20)

As ons die goeie van God aanvaar
moet ons in die swaar tye bedaar...
Alles voel heeltemal verlore,
waarom is ek dan gebore?

Elifas (4:7)

Job, as jy hieroor dink sal jy verstaan
niemand het onskuldig ten gronde gegaan

Job (4:13-14)

Ek is tot niks in staat en weet nie meer raad
Jou medelye is 'n las, en nie 'n goeie daad!

Bildad (8:11)

Kan riet groei sonder 'n moeras?
'n Mens sit nie verniet in sak en as!

Job (9:33)

Ek is onskuldig, maar hoor julle gepreek
Iemand onpartydig moet die reg kom
spreek!

Sofar (11:13)

Job, Steek jou hande uit in gebed -
net God kan jou van jou sonde red!

Job (12:13,21; 14:14)

Net by God is wysheid en krag
Hy beheer als en besluit oor mag.
Ek voel die pyn, my liggam bewe.
As 'n mens sterf, sal hy weer lewe?

Job (26:1, 28:28)

Ek is nou heeltemal oorstelp:
Dink jy jou woorde het gehelp?
God het my deur alles laat sien:
Wysheid is om die Here te dien!

Elihu (34:10, 33:19)

God doen nooit 'n verkeerde daad
Deur siekte wil hy met mense praat.
Job, as jy weer in swaarkry wil kla
Dink oor God se wonderdade na 37:14

God

Wie het die aarde se fundamente gelê?
Wie het hom aanmekaargesit – kan jy sê?
Wie het vir die see perke gestel?
Vir die magtige golwe hul plek vertel?
Kan jy die buffel vir jou laat werk
Hoekom het die volstruis 'n vlerk?
Gee jy die perd sy krag en hom laat spring?
Wie laat die roofvoël kos vir sy kuikens laat
bring?

Het jy 'n saak teen my beplan?

Job, antwoord my dan!

Job (39:37-38)

Voorheen het ek gepraat,
nou is stilbly die beste raad!

God

God spreek uit die stormwind uit:
Job, maak jou reg vir die stryd.
Wil jy My skuldig verklaar,
Sodat jy vrygespreek word daar?
Dink jy jy het My mag?
Wys my dan jou krag!

Job

Nou weet ek U is tot alles in staat.
U kan uitvoer alles in U raad.
Ek het oor dinge gepraat,
maar ek het nie insig gehad.
Tot nou toe was mense se praat,
dit wat Ek geweet het van U raad.
Maar nou het ek U self gesien,
nou besef ek dat ek niks verdien.